20c Rhodesië 25c, Suidwes 30c

Rapport

SONDAG, 5 JANUARIE 1975
Jaargang 5, Nr. 6

AGTERGROND: Vliegtuig land met polisie-lyke

VORSTER IN TAAI BERAAD

Hulle het gesterf





Afrika se oë op PE

Van Ons Politieke Redaksie
PORT ELIZABETH

KORT voor drie-uur gistermiddag het Suid-Afrika se premier, mnr. John Vorster, en Brittanje se minister van buitelandse sake, mnr. James Callaghan, hier teenoor mekaar plek ingeneem vir van die gewigtigste samesprekinge wat vanjaar op ons vasteland sal plaasvind.

Dit was minder as twee uur nadat 'n vliegtuig op Swartkop naby Pretoria neergestryk het met nog twee Suid-Afrikaanse polisielyke, slagoffers van terrorisme, en hul gewonde makkers.

Dit maak dit ses dooies sedert Kersdag — 'n feit wat seker nooit ver uit die gedagtes was van die mense wat aan gister se beraad deelgeneem het nie.

Dit was die eerste keer in jare dat 'n Suid-Afrikaner en Brit mekaar op so 'n vlak ontmoet. Sedert mnr. Harold MacMillan se winds-van-verandering-besoek van 1960 is nog nie weer sulke belangrike samesprekinge tussen verteenwoordigers van die twee lande gevoer nie.

Maar dit keer waai die wind anders as vyftien jaar gelede. Dit is nie mnr. MacMillan wat die pas vir onderhoud hou aangee nie. Die minstens vir 'n nuwe, vreedsame bedeling vir Suider-Afrika is 'n groot hoogte in die hande van Suid-Afrika se premier.

Die hele groep het op die agtste verdieping van die vyfster hotel Elizabeth in Port Elizabeth ontmoet.

Helpers

Callaghan en het hoofsaaklik gepraat oor die moontlikheid van 'n skikking in Rhodesië. Vir mnr. Callaghan was dit noodsaaklik dat hy met die man praat wat nou so sterk die leiding in Suider-Afrika begin neem het.

Gemoedelik

Suid-Afrika se houding was blykbaar dat as mnr. Callaghan wil gesels, hy mooi kom.

Die beraad het in 'n gemoedelike stemming begin, hoewel dit te betwyfel is of dit heeltyd so gemoedelik verloop het.

Die terrorisme-aanslae en mnr. Callaghan se eie onverpoeierde uitlatings in Suider-Afrika (onder meer oor Suidwes) sou wel ook onder die soutlig gekom het. (Lees ook berig op bl. 2).

Callaghan se reis. In een stadium het die Britse minister na die skare koerantmanne gewys en teenoor mnr. Vorster opgemerk: „Almal jou vriende?"

Die Suid-Afrikaanse premier het blitsvinnig teruggeantwoord: „Ek skat goed vyftig persent is joune."

Dit was 'n byna drie uur lange samespreking, en 'n mens kan aanneem plek-plek ongemaklik openhartig.



„Wie het ek voor my?" Brittanje se James Callaghan kyk takserend na Suid-Afrika se John Vorster, gistermiddag in Port Elizabeth by die aanvang van die historiese

'N LESER het met 'n enkele telefoonoproep na RAPPORT R1 100 gewen. U kan dit ook regkry. Lees meer hieroor op bl. 8.

WEN 'n MOTOR

Twee vlae